# **Sola Fide**

## **Die Vyf Solas van die Reformasie.** **Maandag 2 Nov 2020**

**Sing**: **Psalm 9:7** "Die hart van hul wat U bely, sal in u Naam standvastig bly.."
**Lees** Luk 13:18-21 Luk 17:5-7

**Luk 13:19** "Dit is soos 'n mosterdsaadjie wat iemand gevat en in sy tuin geplant het. Dit het gegroei en 'n boom geword, en die voëls het in sy takke kom nes maak."

**Luk_17:6** "Maar die Here antwoord: "As julle maar geloof so groot soos 'n mosterdsaadjie gehad het, sou julle vir hierdie moerbeiboom kon sê: 'Trek jou met wortels en al uit die grond uit en plant jouself in die see,' en hy sou julle gehoorsaam."

Ons hunker daarna om meer geloof te hê. Ek onthou toe ek nog 'n klein seuntjie was het ek vir my ma gevra of ek die berg in die see kan wens en dan sal dit gebeur. Ek onthou die plek en die berg waar dit gebeur het. Ek het geglo as my geloof groot genoeg is kan ek dit wens. My ma se antwoord was, dat as my geloof groot genoeg is, ek juis nie die berg, die skepping van die Here sal wil verwoes nie. Ek sal nie die grootheid van my geloof so wil toets nie. My geloof moet groot genoeg wees dat ek weet God sal altyd vir ons sorg.

**Hunker jy ook na 'n groter geloof?** As ek net 'n groter geloof gehad het sou ek al die spanning, politiek, nood, menslike verhoudinge, omstandighede kon hanteer en in die geloof aanpak. 'n Geloof sodat jy nooit weer sal twyfel oor die toekoms, oor jou lewe, oor God se Woord, en genade nie? Ons moet nooit hunker na 'n groot geloof wat ons kan meet nie. M.a.w. ons dink ek het 'n geloof van byvoorbeeld 10 uit 10, maar iemand anders het net 'n geloof van 8 uit 10. Nee, 'n groot geloof beteken om honderpersent op God te vertrou vir al my geestelike en materiële behoeftes. Ek hoef nooit te twyfel aan wie ek is en waarnatoe ek op pad is nie.

**Jesus gee uitsprake aan die dissipels**. Hy sê dat 'n mens jou broer wat sê: "Ek is jammer..." sewe maal moet vergewe. Die dissipels dink dit is darem baie erg. Daarom vra hulle meer geloof. **Luk 17:5** "Gee ons meer geloof." Jesus antwoord hulle "As julle maar geloof so groot soos 'n mosterdsaadjie gehad het, sou julle vir hierdie moerbeiboom kon sê: 'Trek jou met wortels en al uit die grond uit en plant jouself in die see,' en hy sou julle gehoorsaam."

**Ja ons dink dikwels, as EK maar 'n groot geloof gehad het.** Maar hoekom glo ons nie onvoorwaardelik in Jesus Christus nie. Ons geloof is nie in hoe groot of sterk of baie of intens, of goed ons geloof is nie, maar om waarlik in Jesus Christus te glo. Jesus Christus het sy **ALMAG** geopenbaar in wonderwerke, in gehoorsaamheid, in sy menswees op aarde ter wille van ons. Jesus Christus wat self God is het vir ons die krag geword wat ons nodig het.

Daarom lê my krag nie in wat **EK** moet doen of **MY** groot geloof nie, maar in **My** geloof in Jesus Christus. **MY** geloof lê in wat Jesus Christus vir my gedoen het. Hy is die een wat vir My kom sterf het. Hy is my krag. Hy is die een en die al in my lewe. **Joh 3:30** "Jesus Christus moet meer word en ek minder." Hoe meer ek op Hom vertrou, in sy versoeningswerk en Hom navolg, hoe meer groei ek in my geloof in God, hoe meer kry Hy die eer.

Ek moet in geloof op Hom vertrou vir al my behoeftes, maar ook vir die krag om God te verheerlik en te prys. Ek moet in geloof vir God, deur God en tot God lewe om Hom te eer en te verheerlik.
Dit hang nie van my groot geloof om berge te versit nie, maar van my opregte geloof in Jesus Christus se versoeningswerk aan die kruis.

'n Mosterdsaajied is maar ongeveer 1 mm groot, maar dit groei tot 'n ontsettende boom.
Geloof so groot soos 'n mosterdsaadjie, moet groei tot 'n boom so groot dat ek al my vertroue in God alleen stel deur Jesus Christus en die Heilige Gees wat my krag gee. **Amen** (ds. Gerrit Kruger. 0829645595)